## 3 Oktober                                                    Lukas 12:13-21

### *Gierigheid is afgodery*

Gierigheid is 'n gevolg van diepgewortelde ontevredenheid met dit wat jy is en het en van God ontvang. Hoe meer jy kry, hoe meer wil jy hê.

Dit is oor hierdie sonde dat baie sake-ondernemings op Sondae oop is. Dit is ook waarom baie mense oortyd werk of ander oortyd laat werk. Dit is oor gierigheid dat twiste by erflatings ontstaan en oorloë tussen lande uitbreek. Vakbonde word gestig om werkers te beskerm van gierige uitbuiters, maar dan word die werkers ook gierig en eis al hoe meer. Regeringsamptenare klim op die soustrein en palm soveel as hulle kan in ten koste van die onderdane. Groot kinders wat goed verdien verwaarloos hul arm ouers.

Maar in werklikheid is gierigheid afgodery. Jy dien jouself en jou onversadigbare begeertes. Jou besittings word jou god, en jy kry nooit rus en vrede nie.

Ons moet weer die vreugde ontdek van gee en help. Ons moet besef dat God die blymoedige gewers liefhet. Hy plaas 'n vraagteken agter gierige mense se geloof.

"Wie aardse besittings het en sy broer sien gebrek ly, maar geen gevoel vir hom het nie, hoe kan die liefde van God in hom wees?"

Plaas jou vertroue op God en Hy sal vir jou sorg. Laat jou vertroue in God en jou dankbaarheid teenoor Hom sigbaar word in vrygewigheid.

Sing: Psalm 32:5                                        Ds. C.J.C. Roets (Witpoortjie)